

Maandag 10 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Konings 12:1-33

Fokusgedeelte: 1 Konings 12:15, 24

Die vervulling van God se Woord roep ons tot gehoorsaamheid

Ongeveer 2 950 jaar gelede het daar 'n skeuring in Israel plaasgevind – politieke skeuring (vs 20-25) sowel as godsdienstige skeuring (vs 26-33). 'n Skeuring wat 'n blywende impak op Israel gehad het, met gevolge wat die ganse mensdom raak.

Vandag 161 jaar gelede het daar met die ontstaan van die GKSA 'n skeuring in die kerke van Suid-Afrika plaasgevind. 'n Skeuring met 'n blywende impak op baie mense se lewens, waaroor daar al baie gepraat en geskryf is.

In ons tyd vandag hoor ons steeds van skeurings en berigte van skeurings op godsdienstige sowel as ander terreine. Telkens wil ons hierdie skeurings en die gevolge daarvan evalueer en die goeie en/of die slegte daarvan regverdig.

In 1 Konings 12 kry ons nie 'n evaluasie van die goeie of slegte gevolge van die skeuring nie, maar slegs dat dit van God af kom. In hoofstuk 11 lees ons dat God twee maal vir Salomo tot gehoorsaamheid gemaan het, twee maal die straf aangekondig het, en nou word die vervulling van God se Woord twee maal bevestig (vs. 15, 24).

Soos by die toring van Babel (Gen. 11:1-9) laat God nie onbepaald toe dat die mens die eer wat Hóm alleen toekom, deel met afgode, hulleself of enigiets anders nie. Hy alleen regeer en bly volkome in beheer. Ooreenkomstig sy belofte straf Hy ongehoorsaamheid. Deur die werking van die Heilige Gees besef Rehabeam dit (vs 24). Die bombastiese Rehabeam (vs. 11, 18, 21) druk sy eie trots en eer in sy sak en gehoorsaam God!

Daardeur beskik God dat sy beloftes uit die nageslag van Dawid uiteindelik in Christus vervul word. Sy *belofte van straf* wat Christus tot die dood toe gedra het, sowel as sy *belofte van verlossing* saam met Christus se oorwinning en opstanding! Laat die vervulling van God se beloftes ons tot gehoorsaamheid dring, tot sý eer alleen!

Sing: Psalm 18-1:10, 11

Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop-Mariental)